11 Januarie 2024

MIDSTREAM / AMBERFIELD-BUSSIE 2024

Geagte Ouers

Ons versoek vriendelik dat die ouers/voogde van die leerders wat van die **Midstream / Amberfield-bussie** in 2024 gebruik sal maak, die volgende **registrasievorm vir ons spoedig sal voltooi**. Stuur dit teen Vrydag 26 Januarie 2024 terug na die skool se kantoor **óf** gee dit gerus vir Mnr. Deon Lubbe.

ALGEMENE INLIGTING

Daar sal bussies wees wat in die **oggend en middag** pendel tussen Midstream / Amberfield en die skool.

1. Kostes en reëlings:

Leerders benodig 'n **buskaartjie** (R350 vir 20 ritte). Wanneer die leerder op die bussie klim, word 'n rit op die kaartjie gepons. Sodra ons u registrasievorm terug ontvang, sal u uitgenooi word op die Karri-app vir die aankoop van buskaartjies. Die kaartjies word dan deur die kantoor aan u kind uitgereik en moet asb. goed opgepas word aangesien 'n kaartjie wat verlore raak, nie vervang kan word nie.

- Indien 'n leerder nie 'n kaartjie het nie, word hulle ongelukkig nie toegelaat om op die bussies te ry nie.

- Ouers sal gevra word om weekliks d.m.v. die betrokke Whatsapp-groep 'n beraamde aanduiding te gee van u kind se beplanning vir die komende week waarmee ons ongeveer 'n bepaling kan doen vir hoeveel bussies per rit sal moet ry. Moet asb. nie bekommer indien u reëlings op kort kennisgewing verander nie - daar sal altyd addisioneel voorsiening gemaak word vir ekstra sitplekke. Hierdie vereiste is net vir effektiewe beplanning.

2. Oggendbussies:

Die bussie/s vertrek stiptelik om 06:45 vanaf die parkeerarea by **Midstream Spar**, by die Engen vulstasie asook vanaf **Amberfield Shell**, oorkant Mall@Reds.

3. Middagbussies:

Al die bussies vertrek in die **middae** direk na skool vanaf die skoolgronde. Leerders word dan voor hul onderskeie hoofhekke afgelaai. Personeel kan ongelukkig nie wag tot 'n leerder by die hek ontvang word nie en u moet dus verseker dat die nodige reëlings in hierdie verband getref word.

*Vir veiligheid sal leerders gedurende 2024 SLEGS by die "**Hek**" waarvoor gevra word op die registrasievorm afgelaai word. Geen ander aflaaipunte kan geakkommodeer word nie.*

****NB:** Ons benodig u samewerking om toe te sien dat daar 'n persoon by die betrokke hek wag vir die leerder indien hulle nie saam met ouer broers of susters huis toe stap nie. **Die bussies kan ongelukkig nie by 'n hek wag nie**, omdat leerders weer by ander hekke ook betyds afgelaai moet word.

- **Maandae tot Donderdae:** Bussies vertrek stiptelik om **13:50** vanaf die skoolgronde by die tennisbaan hek langs die motorhuis. Leerders moet daarop let om asb. so vinnig moontlik as ná die skool verdaag het by die bussies aan te meld.
- **Vrydae: Al** die bussies vertrek stiptelik om **13:20**.

****NB**: Grondslagfase ouers (Gr. R tot Gr. 3) moet asseblief **persoonlik** met hul kinders se onderskeie registeronderwysers reël dat hulle kinders in die wagklasse moet bly tot net voor die bussies se vertrektye, m.a.w. tot en met 13:45 op Maandae tot Donderdae en 13:15 op Vrydae.

- **Sportbussie:** Daar is **Maandae tot Donderdae** 'n **sportbussie** om **16:30** vanaf die skool na die onderskeie hekke in Midstream en Amberfield indien die behoefte dit vereis. Die kinders wat van dié bussie gebruik maak moet dit asb. duidelik aandui. Slegs leerders wat buite-kurrikulêre aktiwiteite by die skool doen mag van hierdie bussie gebruik maak. Die bussie ry ongelukkig nie om leerders by naskole te akkommodeer nie. Let wel: Geen sportbussie is op Vrydae of tydens die November-eksamen beskikbaar nie.

5. Kansellasie:

Daar sal van u as ouers verwag word om skriftelik **dertig (30) dae** kennis te gee indien u kind(ers) nie meer van die bussie gebruik gaan maak nie. Hierdie skriftelike kennisgewing moet asb. gestuur word aan Mnr. Deon Lubbe: deonlubbe@lsrhk.co.za

Indien u enige navrae het skakel gerus vir Mnr. Deon Lubbe op 072 123 5718 of kontak hom per e-pos.

6. <u>Dissipline op die bussies</u>

Onvanpaste gedrag sal nie op enige bussie geduld word nie. Die volgende is van toepassing:

- Alle passasiers sal tydens die rit sittend wees met 'n veiligheidsgordel aan. Verontagsaming van hierdie reël kan lei tot:
    - **Vlak I** gevolg: 'n Waarskuwing, 'n toegekende of vasgestelde sitplek in die bus.
- Slanery, skoppery, skreeuery of enige ander vorm van lastigheid wat die rustigheid in die bussie versteur en die drywer se aandag aftrek:
    - **Vlak II** gevolg: Een of twee maande verbied om op bussie te ry.
- Verdere swak gedrag sal 'n **Vlak III** gevolg hê tot so 'n mate dat geen toelating aanvaar sal word op enige bus tot verdere kennisname.
- Die dissipline kommitee van Laerskool Rooihuiskraal sal alternatiewelik strawwe oplê na gelang van die aard van die oortreding.

Die bestuurders is verantwoordelik vir alle gedrag op die bus en moet onaanvaarbare gedrag onmiddellik rapporteer.

7. <u>Hekke:</u> Dui asb. duidelik aan op die registrasievorm.

a. **<u>MIDSTREAM:</u>** Alle hekke binne Midstream is van toepassing as aflaai punte.

b. **<u>AMBERFIELD:</u>** Slegs die volgende hekke sal as aflaai punte beskikbaar wees:

Valley	Crest	Heights	Lancelot
Glen	Manor	Ridge	Shell Amberfield

Vul asb. meegaande inligting in en stuur dit teen Vrydag, 26 Januarie 2024 terug na die kantoor of by Mnr. Deon Lubbe

NB: *<u>Bestaande</u>* asook <u>nuwe</u> bussie leerders moet die Google vorm voltooi asb.

https://forms.gle/Vfr7NbDsGmKmspwE9

Ons is opgewonde om hierdie diens aan ons ouers beskikbaar te stel!

Rooimier-groete!

Mnr. Deon Lubbe
Adjunkhoof

Me. Carien Fölscher
Skoolhoof

MIDSTREAM / AMBERFIELD-BUSSIE 2024

(EEN VORM PER LEERDER ASB)

1.	Bussie: Midstream / Amberfield	
2.	Leerder se naam en van:	
3.	Ouer/voog se naam en van:	
4.	Verskaf kontakbesonderhede van ouers.	Ma: Pa:
5.	Verskaf epos-adres van ouers.	Ma: Pa:
6.	Verskaf asb. 'n naam van 'n persoon wat gekontak kan word indien ouers in 'n noodgeval nie bereik kan word nie.	Naam: Verwantskap: Kontakbesonderhede:
7.	Fisiese adres van ouers en leerder.	
8.	Hek waar leerder in die middae afgelaai moet word bv. Hutton, Windsor, Valley, Crest ens. *(Daar sal nie van hierdie keuse afgewyk word nie.)*	
9.	Dui aan wanneer leerder meestal van die bussie gebruik sal maak.	Oggend: ☐ Middae: ☐ Sport: ☐

*Hiermee bevestig ek (**ouer/voog** naam en van) _____ ouer/voog van (**kind** naam en van) _____ in Graad ___ (2024) dat ek die bykomende inligtingstuk gelees het en verstaan.

*Ek onderneem om toe te sien dat my kind veilig is wanneer die bussie hom/haar aflaai in die middae en neem kennis dat die bussie slegs by die hoofhek van my keuse gaan stop en dadelik weer moet ry.

*Ek bevestig dat my kind op ons eie risiko gebruik maak van die bussie-diens en dat ek/ons as ouer/(s) die skool vrywaar van enige skade, beserings of ongelukke wat kan plaasvind tydens die gebruik van hierdie diens.

_____ _____

Ouer handtekening Datum